Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

2023-08-04

Geagte Ouers

NUUSBRIEF 11/2023

Maandag 7 Augustus: Neem asseblief kennis dat alle leerders Maandag om 12:00 verdaag. Al ons rugby- en netbalspanne vertrek na PE om teen Laerskool Lorraine in PE deel te neem. Spelers wat Maandag deelneem het reeds briewe aangaande die dag en vervoerreëlings ontvang.

Woensdag – 9 Augustus: Neem asseblief kennis dat Vrouedag ‘n publieke vakansiedag is. Ons is dankbaar vir al die vroue in ons lewens en al die vroue in ons skoolgemeenskap. Op Dinsdag gaan al die Gr. 7 dogters ‘n waardigheidsprogram, aangebied deur *Aqua Sky Learning and Development* bywoon. Inligting in die verband is aan die Gr. 7 dogters gegee.

Gemeenskapsprojek (Kwartaal 3): Ek wil graag almal bedank wat bygedra en skenkings gemaak het om hierdie ‘n suksesvolle projek te maak. Ons was instaat om die Ons Tuiste ouetehuis op Humansdorp van komberse en toiletware te voorsien wat ons kinders gebring het om hul dankbaarheid te betoon. Ons het ‘n verantwoordelikheid om na ons bejaardes om te sien. Ek weet dat ons leerders hierdie projek ook te harte neem.

Herwinning (Tetra pak): Ons het ingeskryf in ‘n herwinningskompetisie waarmee ons groot pryse vir die skool kan wen. Help ons asseblief deur tetra boksies (bv. Langlewe melk, sap of vla boksies) bymekaar te maak. Verwyder die doppie, druk die boksies plat, sit die proppie terug en stuur die boksie saam met u kind skool toe. Vir elke 30 boksies wat jou kind insamel mag hul gewone klere skool toe dra.

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

Stultinggroete

C.J. Coetzer
SKOOLHOOF